

Die Hebreuse Ou Testament word in Grieks vertaal

Die Hebreuse Ou Testament word in Grieks vertaal

Tot sover het ons gepraat van die *Hebreuse Ou Testament*. Op 'n stadium is dele van die Hebreuse Ou Testament ook in *Grieks* vertaal omdat daar na die ballingskap baie Jode buite Palestina gebly het wat nie meer Hebreus of Aramees kon verstaan nie. In die loop van die derde eeu is begin om die Hebreuse Bybel in Grieks te vertaal. Dié vertaalproses het tot in die eerste helfte van die eerste eeu voor Christus aangehou. Hierdie Griekse vertaling van die Ou Testament is die *Septuagint* (afgekort LXX) genoem.

Met die vertaling het dit egter gebeur dat daar heelwat verskille tussen die Hebreuse Ou Testament en die Septuagint gekom het. Die belangrikste verskil is dat daar 'n hele klomp *byvoegings* en selfs 'n hele klomp *ekstra boeke* in die Septuagint is wat nie in die Hebreuse Bybel is nie! *Die boeke wat bygevoeg is noem ons deesdae die "Ou-Testamentiese apokriewe"*. Van hulle is glad nie eers in Hebreus geskryf nie, maar in Grieks.

Die volgende illustrasie gee vir jou 'n idee van die boeke wat in die Septuagint was en wat nie in die Hebreuse Bybel was nie.

SEPTUAGINT

(Griekse weergawe van die Ou Testament met die apokriewe)

Ontstaan vanaf die derde eeu voor Christus tot die eerste helfte van die eerste eeu voor Christus

<p>Griekse vertaling van die 39 boeke wat in die Hebreuse Ou Testament (en in die Ou Testament in ons Bybel) is</p> <p>PLUS</p>	<p>Griekse weergawes van die volgende boeke (oftewel die apokriewe boeke):</p> <p>1 Esra Byvoegings tot Ester Judit Tobit, 1, 2, 3 en 4 Makkabeërs Odes van Salomo Die Wysheid van Salomo Die Wysheid van Ben Sirag Die Psalms van Salomo Barug Die Brief van Jeremia Byvoegings tot Daniël: Gebed van Asarja en Die lied van die drie jong manne Susanna Bel en die Draak</p>
---	--

Skrwyer: [Prof Jan van der Watt](#)

Die Ou-Testamentiese Apokriewe

Die Hebreuse Ou Testament

In die Hebreuse Ou Testament is daar 39 boeke wat gewoonlik in drie groepe verdeel word: die wet, die profete en die geskrifte.

- Die wet bestaan uit 5 boeke: Genesis, Eksodus, Levitikus, Numeri en Deuteronomium. Die vyf boeke van die wet is eerste geskryf en is ook die boeke wat eerste as gesaghebbende boeke aanvaar is. Geleerdes dink dat hierdie boeke alreeds in die tyd toe die Jode teruggekom het uit die ballingskap erken is as gesaghebbende boeke wat van God af kom; dus ongeveer in die vyfde eeu voor Christus.
- Die profete sluit boeke soos Josua, Rigters, Jesaja, Jeremia, Hosea, Joël en Amos in. Dit lyk of hierdie boeke reeds teen ongeveer 200 voor Christus as gesaghebbende boeke aanvaar is.
- Die derde groep, die geskrifte, bestaan uit boeke soos Psalms, Spreuke, Job, Prediker, Daniël en Ester. Teen die tyd dat Jesus op aarde was, is die meeste van hierdie boeke alreeds deur baie Jode as gesaghebbend aanvaar, maar dit was eers teen ongeveer 90 – 100 na Christus dat min of meer duidelikheid verkry is dat al die boeke wat deel uitmaak van hierdie groep, gesaghebbend is. Selfs daarna was daar nog hier en daar 'n Joodse geleerde wat gewonder het of boeke soos Esegïel, Spreuke, Hooglied, Prediker en Ester deel van die Hebreuse Bybel moet wees of nie.

Wet

As gesaghebbend aanvaar
teen ongeveer 450 voor
Christus

Profete

As gesaghebbend aanvaar
teen ongeveer 200 voor
Christus

Geskrifte

Die laaste boeke van die
geskifte as gesaghebbend
aanvaar teen ongeveer 100
na Christus

Skrywer: [Prof Jan van der Watt](#)